# Hoofstuk van die dag: Hebreërs 9

> *Hy dien in die verbondstent wat groter en volmaakter is en nie deur mense gemaak is nie, dit wil sê wat nie tot hierdie wêreld behoort nie. (vers 11)*

In die ou bedeling was die toegang tot God gelokaliseerd; eers

was dit die tent van ontmoeting, en later die tempel. Die hele godsdiens van die volk het om dié gelokaliseerde aanbiddingsplek gedraai. Dit is waar die offers gebring is, en waar die feeste jaarliks gehou is.
Met Jesus se versoeningswerk het dit verander. Ons is nie meer tot ’n tempel iewers beperk as ons tot God wil nader nie. Dit het Jesus vir die Samaritaanse vrou gesê in Joh 4:21: “Glo My, Mevrou, daar kom ’n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie.” Ons kan die Vader nou enige tyd en op enige plek deur die Gees nader (Joh 4:22-23). En wanneer ons tot die Vader nader, kan ons weet dat ons Hoëpriester gereed is om vir ons in te tree (Rom 8:34).
Die Here Jesus het dit vir ons maklik gemaak om in kontak met die Vader te bly. Wat ’n heerlike voorreg en genade! Maar ook: wat ’n groot verantwoordelikheid.


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026